NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

# REGLEMENT VIR TOEKENNING VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA SE EREPENNING VIR BESONDERE DIENSLEWERING

## 1. Doel van die toekenning

Die toekenning word gemaak aan persone en lidmate en ampsdraers van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika as erkenning vir besondere diens wat bygedra het tot die groei en vooruitgang van die NHKA in geheel.

## 2. Identifisering van persone wat vir die toekenning kwalifiseer

Rade, kommissies, gemeentelike komitees, ringskomitees of enige ander kerklike liggaam identifiseer 'n persoon(e) wat voldoen aan die doelstelling vir die toekenning, stel 'n volledige motivering op skrif en lê dit aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering voor vir oorweging.

## 3. Werkwyse met die oog op die toekenning (toekenningsbeleid)

3.1 Die Kommissie van die AKV bepaal in die jaar voor die Algemene Kerkvergadering die datum waarop voorleggings gedoen moet word.

3.2 Die besluit oor die persoon wat in aanmerking kom vir die penning geskied deur 'n geslote stembrief.

3.3 Die Kommissie van die AKV is nie noodwendig en volledig gebonde aan die voorstelle wat ingedien word wanneer die toekenning gemaak word nie. Die finale toekenning moet ten minste 60% van die lede van die Kommissie van die AKV se goedkeuring wegdra.

3.4 Die toekenning word net by *hoë* uitsondering en ook verkieslik net aan een persoon per geleentheid gemaak.

3.5 Die toekenning word nie noodwendig elke drie jaar gemaak nie. Die behoefte en beskikbaarheid van fondse word in aanmerking geneem.

3.6 Die toekenning sal slegs een keer aan 'n persoon gemaak word.

## 4. Toekenningsgeleentheid

Die toekenningsgeleentheid word gereël deur die Kommissie van die AKV en kan geskied tydens 'n AKV of ander geleentheid soos deur die Kommissie bepaal.

## 5. Wat die toekenning behels

Die toekenning bestaan uit 'n oorkonde, penning en 'n kontantbedrag wat in oorleg met die Sekretaris van die Kommissie van die AKV en Raad van Finansies bepaal word.

## 6. Wysiging

Wysiging van of toevoeging tot die reglement word deur die Kommissie van die AKV gemaak.